



1.1 Algemene notas en spesifikasies:

- 1.1.1 Alle boumateriaal moet SABS goedgekeur en aan die nationale bouregulasie voldoen.
- 1.1.2 Alvorens met enige bouwerk begin word, moet planne ingedien en goedkeuring daarvoor verkry word vanaf die kommitee.

1.2 Detail spesifikasie

1.2.1 Skadunet

- 1.2.1.1 Maksimum grootte mag nie 50m² oorskry nie
- 1.2.1.2 Skadunet moet groen wees.
- 1.2.1.3 Pale moet geverf wees met bruin (PWD Brown) emalje verf.
- 1.2.1.4 Pilare groottes: min. 63 x 3 mm / max. 100 x 1.6mm ronde yster pale/ pype.
- 1.2.1.5 Bo struktuur: 50 x 2mm ronde yster pyp in 'n boog/staandak. Geen plat struktuur word toegelaat nie.
- 1.2.1.6 Pilare moet 'n min. van 600mm in beton gegiet wees.

1.2.2 Plaveisel

- 1.2.2.1 Plaveisel mag nie groter as die skadunet wees nie. Geen eksotiese kleure word toegelaat.
- 1.2.2.2 Beton strook moet om plaveisel gegooi word om te verhoed dat die stene skuif en om af te rond.

1.2.3 Wasbakke

- 1.2.3.1 Buite wasbakke mag gebruik word mits dit ingebou en toegebou is met klei bakstene (Stock bricks) met uitgekrapte voeë.
- 1.2.3.2 Die maksimum hoogte van die struktuur mag nie 'n hoogte van 1,2m oorskry nie.
- 1.2.3.3 Steenmure moet voorsien wees van 'n goedgekeurde beton fondasie.

1.2.4 Afskortings - Hout

- 1.2.4.1 Alle materiaal moet CCA behandelde pale/latte wees.
- 1.2.4.2 Latte moet 20 tot 30mm diameter wees en moet vertikaal gemonteer wees met 'n maksimum hoogte van 1.5m.
- 1.2.4.3 Latte moet bevestig wees aan 50 to 75mm pale om 'n stewige struktuur te vorm. Maksimum afstand tussen pilare mag nie 3m oorsky. Vertikale pale moet 'n minimum diepte van 600mm in die grond "geplant" word.
- 1.2.4.4 Tussen die latte en die grond moet daar 'n beton strook wees van 50 x 75mm wat 60mm bo die grond uitsteek sodat gras maklik daarteen gesny kan word. (lintels kan gebruik word of 'n steen muur kan gebou word)

1.2.5 Stoor areas

- 1.2.5.1 Stoor areas moet gebou wees van gebrande klei bakstene (Stock bricks) met uitgekrapte voeë vir yskaste ens.
- 1.2.5.2 Stoor area kaste groottes moet 1,2m x maksimum lengte van 6m wees.
- 1.2.5.3 Kas deure moet geverf word met bruin (PWD Brown) en hout moet behandel word.
- 1.2.5.4 Geen yskaste, los staande kaste of hokke mag buite die karavaan gelos word nie.

1.2.6 Elektriese werk – op staanplek

- 1.2.6.1 Enige elektriese werk moet deur 'n geregistreerde elektrisiën gedoen word en na voltooiing moet 'n sertifikaat van voldoening hê. (COC Certificate of compliance)
- 1.2.6.2 Verdeelborde /Kragkaste moet reën bestand wees en gemonteer op 'n 50 x 50 x 2mm pyp met 'n minimum diepte van 600mm in die grond.
- 1.2.6.3 Alle nuwe verdeel borde moet 'n "Ready board" wees wat in 'n reën bestande meter kas ingebou is.
- 1.2.6.4 Alle kables moet voldoen aan die nodige elektriese vereistes en op 'n minimum diepte van 600mm onder die grond wees.
- 1.2.6.5 Alle buite ligte moet water bestand wees.
- 1.2.6.6 Indien die installasie nie aan die nodige vereistes voldoen nie, sal die krag voorsiening ontkoppel word, todat 'n COC van installasie ontvang is.



1.2.7 Braaiplek

- 1.2.7.1 Slegs een braaiplek mag opgerig word per kampplek en nie per staanplek.
- 1.2.7.2 Braaiplek moet voorsien wees van 'n blad waarop vuur gemaak word.
- 1.2.7.3 Ligging moet van so aard wees dat dit geen brand gevaar inhou nie. (naby bome, struike, skadunet, afskortings, ondergrondse water pype en kables, ens)

1.2.8 Algemeen

- 1.2.8.1 Alles wat gebou of opgerig is, moet gereeld onderhou en opgeknop word om netheid te verseker.
- 1.2.8.2 Ons moet 'n trotse en netjies kamp uitbeeld aan ons lede asook besoekers.
- 1.2.8.3 Kom ons hou alles netjies en in stand en wees trots op die voorreg wat ons het om hierdie wonderlike plek te kan gebruik.